Oordenking
28 April 2010

Sonde kan jou nie beheer nie.

Hy (God) het die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.
(Romans 8:3c-4)

Sonde kan ons nie beheer nie. Ons sukkel nog met sonde, maar ons kan dit oorwin omdat ons nou in Christus is en ook omdat God in ons werk. Die oorwinning volg nie net daarop dat Christus aan die kruis die straf op ons sonde gedra het nie, maar ook omdat God nou in ons werk. Sonde kan ons nie beheer nie, omdat God besig is om ons te verander deur sy werk in ons.

Rom 8:29 sê duidelik wat God ons wil gee: *"Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is."* Deel van God se werk in ons is dat ons na die beeld van Christus verander word. God wil hê dat ons meer soos Jesus sal word en meer en meer soos Hy sal lewe. Dit is wat dit beteken om jou nie deur jou sondige natuur te laat beheers nie.

Om deur die Gees te lewe, beteken dat ons volledig afhanklik van God lewe terwyl ons op Hom vertrou om ons te lei. Ons sien in die lewe van Jesus hoe dit werk.

In Johannes se Evangelie hoor ons Jesus dikwels leer dat Hy volkome afhanklik van sy Vader en die krag van God is. Joh 5:19, "*Jesus het gesê: Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so."*
Jesus het net op God se leiding staat gemaak en ons moet ook.

Ons kan nie deur middel van die wet werk vir ons aanvaarding deur God nie. Ons sal altyd misluk as ons probeer. Die wet is baseer op prestasie en dit moedig ons aan om harder te probeer om God tevrede te stel terwyl ons op ons eie vermoë staatmaak. Maar om in Christus te lewe is net die teenoorgestelde, want in Hom kom alles wat ek doen van God af en nie meer uit myself nie.

Jesus het ons vry gemaak van die vereiste om op ons eie krag te vertrou om te probeer om volmaak te word. Jesus maak ons egter vry om deur die Gees beheer en gelei te word.

Om deur die Gees beheer te word, beteken onder andere dat ons na die wil van God vra vir ons keuses, waardes en verantwoordelikhede. In 'n lewe wat deur die Gees beheer word, hou ons op om op ons eie vermoë staat te maak en vertrou ons op die Gees om ons te lei. Die Gees maak ons vry daarvan om op onsself staat te maak. Die Gees maak God die hoogste prioriteit in ons lewe en Hy gee ons die gawe om God lief te hê en daarop te fokus om Hom tevrede te stel. Nie deur meer daarna te strewe om die wet te onderhou nie, maar deur aan God te behoort en in 'n nuwe verhouding met Hom te leef.

Met Christus se dood aan die kruis het Hy die sonde van die mens veroordeel en ons so vrygemaak om aan ons getroue Saligmaker te behoort.